
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

GROOT WONDERWERKE EN GENESINGS DEUR DIE OPLê VAN HANDE

Laat ons na die baie groot wonderwerke en genesings kyk wat deur God gedoen is soos Sy magtige krag vrygestel is aan mense deur die oplê van hande. Laat ons saam deur 'n gedeelte van die Nuwe Testament gaan en dinge uitvind wat God deur die bediening van die oplê van hande gedoen het. Laat ons kyk na die KRAG wat deur mense se hande gevloei het. In die Evangelie van **Markus** lees ons in **hoofstuk 6: 2: En toe dit sabbat geword het, begin Hy in die sinagoge te leer, en baie wat Hom gehoor het was verslae en sê: Waar kry Hy hierdie dinge vandaan, en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur Sy hande plaasvind.** En **vers 5** wys vir ons die resultaat: **En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het.**

Markus 7:32: Toe bring hulle na Hom 'n dowe wat swaar praat, en smeek Hom om hom die hande op te lê. Hier is 'n man wat doof en stom is; kon nie hoor en praat nie. Die Bybel sê dat hulle Jesus gesmeek het OM SY HAND OP HOM TE Lê. Verstaan jy dit? Natuurlik, toe Jesus Sy hand op hom lê, het die genesing binne-in hom begin vloei en vers 35 sê: En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong losgeraak, en hy het reg gepraat". Eer aan God tot in ewigheid! In Markus 8: 22 - 25 is hande op 'n blinde man gelê. Kyk wat gebeur. En Hy het in Betsaida gekom, en hulle het 'n blinde man na Hom gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak. Hy neem toe die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp; en nadat Hy in sy oë gespuug en hom DIE HANDE OPGELê het, vra Hy hom of hy iets sien. En hy kyk op en sê: Ek sien die mense, want ek sien hulle soos bome rondloop. Daarna lê Hy WEER DIE HANDE OP SY Oë en laat hom opkyk, en hy is herstel en het almal van ver af duidelik gesien. Hierdie blinde man het sy sig ontvang deur die lering van handoplegging. Wanneer jy 'n leerstelling van die Nuwe Testamentiese Kerk gehoorsaam, kan jy weet dat jy daarop kan staatmaak. Dit sal altyd werk. God is verplig om te werk wanneer ons op Sy woord reageer. Die profeet Jeremia sê vir ons dat God wakker oor Sy woord is om dit te volbring (Jer. 1 : 12). God hou baie daarvan wanneer ons Hom op Sy woord vat en doen wat Hy sê. Hy doen dan die woord vir ons.

In die eerste hoofstuk van Markus kry ons die verslag van die man wat die ongeneeslike siekte van melaatsheid gehad het. Weet jy van enige persoon wat 'n ongeneeslike siekte het? Het jy wat genoem word, 'n ongeneeslike siekte? Daar is geen hoop vir jou nie? Lees net God se Woord. Jy sal die hoop en hulp kry wat jy nodig het. **En daar kom 'n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U wil kan U my reinig. En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en DIE HAND UITGESTEEK EN HOM AANGERAAK en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig! En toe Hy dit sê, het die melaatsheid hom dadelik verlaat, en hy is**

gereinig (Markus1:40 – 42). Die oomblik toe Jesus Sy hand uitgereik en hom aangeraak het, het nuwe vel die man bedek. Die Bybel sê dat die melaatsheid die man dadelik verlaat het, en hy was volkome gereinig. God se KRAG het deur Jesus se hande gevloei en die melaatsheid uitgedryf. God se KRAG het deur Moses se hande gevloei om die leiers van sy tyd te salf. God se KRAG het deur Paulus se hande gevloei om te genees, die Heilige Gees oor te dra, om gawes te gee, om wonderwerke te doen; en God se magtige KRAG sal deur jou hande vloei en siekes sal genees, kreupeles sal uit rolstoele opstaan, mense sal die Heilige Gees ontvang, wonderwerke sal vrygestel word uit die hemel. **Luk. 4** wys die KRAG deur die oplê van Jesus se hande. **En toe die son ondergaan, het almal hulle siekes, mense met allerhande kwale, na Hom gebring, en Hy het een vir een van hulle DIE HANDE OPGELê en hulle gesond gemaak (V.40).** Is dit nie wonderlik nie? Hy het SY HANDE OP ELKEEN VAN HULLE GELê en ELKEEN VAN HULLE WAS GENEES. Vandag behoort elkeen van ons siek mense genees te word, as hulle gelowiges is. As Jesus hierdie krag van Hom aan ons gegee het, behoort ons Hom te gehoorsaam en ons hande op siek mense te lê. Sulke onnodige pyn en lyding en marteling bestaan onder die kinders van God. Waarom gehoorsaam ons nie net God se woord en verlos die kerk van hierdie onnodige lyding nie?

Daar is nog 'n dramatiese verslag in **Luk. 13** van 'n vrou met 'n gees van krankheid wat die Bybel sê dat sy inmekaar getrek was en glad nie in staat was om regop te kom nie en op te kyk nie. Dit moes werlik vreeslik gewees het, inmekaargetrek en nie instaat om haarself te help nie. Jesus het geweet wat om te doen. **Hy het Sy hande op haar gelê en onmiddellik het sy regop gestaan en God verheerlik (v 13).** Jesus het hande op haar gelê, God se krag is vrygestel deur Jesus se hande en die vrou was vry en kon regop staan en sy het God verheerlik!

In **Handelinge 28:8** vind ons Paulus waar hy Jesus se bevel gehoorsaaam om die hele wêreld in te gaan en die Evangelie te verkondig en die dinge te leer wat die Heilige Gees hom geleer het. Paulus het skipbreuk gely op die eiland Melite. Hy het gasvryheid ontvang by 'n man genaamd Publius. Paulus het uitgevind dat Publius se vader siek was van 'n koors. Wat het Paulus gedoen? Het hy net sy hande saamgeslaan, soos ons so dikwels doen, en gesê: “Is dit nie vreeslik nie! Hy is siek en ly geweldig. Siestog, hoe treurig!” Nee, Paulus het geweet wat om te doen. Jesus het gesê om hande op die siekes te lê en hulle sal gesond word. **“En die vader van Publius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.” (v8).** Natuurlik het al die mense op die eiland daarvan gehoor en **vers 9** sê: **En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, na hom gekom en is genees.”**

Eenkeer het Jesus Petrus besoek, en Petrus se skoonmoeder was siek van 'n koors. Mattheus vertel vir ons die storie: **“En Hy het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien” (Matt. 8:15).** Sy het dadelik opgestaan en het begin om ander te bedien. God se genesings KRAG is aan haar oorgedra deur Jesus se hande.

Mattheus vertel ons ook van 'n man wie se dogtertjie baie siek was. Sien jy, jou geloof kan ook vir jou kinders werk as jy uitreik en Jesus aanraak en dan jou kinders aanraak. Die man het vir Jesus gesê: **“My dogter het nou net gesterwe, maar kom en lê U hand op haar, en sy sal lewe (Matt. 9:18).** Sy was so siek dat sy werklik gesterf het. Die man het egter groot geloof in die leerstelling van die Nuwe Testamentiese Kerk gehad van die handoplegging, en hy het aangehou om te glo alhoewel die omstandighede baie sleg gelyk het. Die Skrif sê dat Jesus saam met hom gegaan het, asook sy dissipels. By die man se huis het Jesus al die mense gesien wat professionele roubeklaers van daardie tyd was. Hulle het harde smart krete gemaak en instrumente gespeel en tekere gegaan. Jesus het vir hulle gesê dat die dogter nie dood was nie, maar net geslaap het. Die mense het Hom bespot en geminag en Hom nie geglo nie. Die Bybel sê vir ons dat Jesus hulle uigedryf het **(v 25)**. Jesus het ontslae geraak van die twyfel en ongeloof, Hy het in gegaan, **haar hand gegryp en die dogtertjie het opgestaan (v 25).** Die vader het geweet dat God se KRAG deur Jesus se hande sou vloei wat ook al nodig sou wees om sy klein dogtertjie te help, selfs om haar uit die dood op te wek. Die opwek van dooies werk deur die leerstelling van hande oplê. In **Mattheus 19** lê Jesus Sy hande op klein kindertjies. God is lief vir die klein kindertjies. Hy wil

nie hê dat hulle moet ly, siek wees en voor hulle tyd sterf nie. Hy het die leerstelling van die hande oplê voorsien om die klein kindertjies te red. **"Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na my te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele" (v14).** Daar is geen kwaal of siekte in die hemel nie. Jesus wil nie enige kwaal of siekte in klein kindertjies hê nie. Die seëninge van God kan in hulle vloei deur handoplegging.

Het jy al die Heilige Gees ontvang? Jy kan, deur die leerstelling van die oplê van hande. Gaan na **Handelinge 8:14 -17: En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.** God se magtige KRAG is deur die mense ontvang deur die oplê van hande. Hierdie keer was die krag so groot dat 'n man met die naam van Simon dit gesien het en die vermoë wou koop dat God se krag deur sy hande sou vloei. Petrus het hom bestraf omdat hy gedink het dat die gawe van God met geld gekoop kon word. Nee, jy kan nie God se seëninge koop nie. Ons geld het soms die mag om dinge wat ons wil hê te kry, maar voor God is alle mense gelyk – die ryke, die arme, die slegte, die goeie, die wyse, die onkundige, die prins, die bedelaar.

Al wat God van my en jou en enigeen verwag om Sy magtige krag te ontvang, is om Hom lief te hê, Hom te dien met ons hele hart en te glo. Dit is al. **Markus 11:24** sê: **"Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."** Het jy 'n spesiale wonderwerk nodig? Sommige mense sê dat spesiale wonderwerke nie meer gebeur nie. Hulle sê dat daardie dinge opgehou het toe die apostels gesterf het. Vir ons klink dit vandag baie sleg, nie waar nie? Ek kon nooit verstaan hoe mense dit kon glo nie, alhoewel hulle steeds 'n God dien wat iets begin wat Hy nie kan voltooi nie. Hy sê Hy is die Alpha en Omega, die begin en die einde, en ons het nog nie by die einde gekom nie. In Romeine leer ons hoe Abraham oor God gevoel het. **En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het (Rom.4:20-21).** Laat ons tog die geloof van Abraham hê. Laat ons glo dat as God aan ons 'n belofte gee, Hy sal doen wat Hy kan doen.

In **Handelinge 19:11** staan: **"En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen ."** Het jy die woord – HANDE gesien? As jy 'n spesiale wonderwerk nodig het, kan dit na jou kom deur die HANDE van 'n gelowige. Paulus was 'n gelowige. God sê, as ons hande op mense sal lê, sal Hy spesiale wonderwerke vrystel. As Hy dit deur Paulus gedoen het, sal Hy dit deur jou doen, of Hy sal dit deur iemand anders vir jou doen. Soms kies God om dinge op Sy eie te doen. Jy kan dit egter met die leerstelling van die kerk van die hande oplê die hele tyd kry. Dit sal deur enigeen se hande werk – spesiale wonderwerke. Lees dit oor en oor. Spesiale wonderwerke deur die hande van Paulus. Sit jou naam daarin. Spesiale wonderwerke deur MY hande, dit is JY! As jy net sal glo dat God se magtige krag deur mense se hande sal werk, en as jy hande op mense in geloof sal lê, net eenvoudige kinderlike geloof, sal die Gees en krag van God begin om aan mense oorgedra te word. Groot en magtige werke, spesiale wonderwerke sal begin om deur jou aan die kerk vrygestel te word. Glo net die Bybel. Lê hande op die mense omdat God so gesê het. Hy sal doen wat Hy beloof het om te doen.

Markus 16 vers 15-18: Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.

Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bose geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word."

The Foundation of our Faith (Part 2)

An important reason for having faith is because God desires to bless us and answer our prayers, and He only responds to prayers prayed in faith, trusting Him. We read in Matt. 13: 58: **And He** (Jesus) **did not many mighty works there** (Nazareth) **because of their unbelief.**

The Bible speaks of different kinds of faith. In Matt. 6:30 Jesus speaks of LITTLE FAITH. We read in Matt. 8:10 where He speaks of GREAT FAITH. In Mark 4:40 He talks of NO FAITH. In Luke 12:28 we read of SMALL FAITH. Stephen, we read in Acts 6:5, was FULL OF FAITH. UNFEIGNED FAITH, 2Tim.1:5. In 2 Thessalonians, Paul speaks of GROWING FAITH.

When praying for people, Jesus always commented on their faith. In the book of Matthew we read the following account of the centurion who actually caused the Son of God to MARVEL because of his faith!! **Matt. 8:5-10: And when Jesus was entered into Capernaum, there came unto Him a centurion, beseeching Him, And saying, Lord, my servant lieth at home sick of the palsy, grievously tormented. And Jesus saith unto him, I will come and heal him. The centurion answered and said, Lord, I am not worthy that thou shouldest come under my roof: but speak the word only, and my servant shall be healed. For I am a man under authority, having soldiers under me: and I say to this *man,* Go, and he goeth; and to another, Come, and he cometh; and to my servant, Do this, and he doeth *it.* When Jesus heard *it,* He marveled, and said to them that followed, Verily I say unto you, I have not found so great faith, no, not in Israel.**

It is amazing that it was often those other than His disciples who displayed more faith in Him. This was certainly the case with the Canaanite woman whom we read about in **Matt.15:22-28: And, behold, a woman of Canaan came out of the same coasts, and cried unto Him, saying, Have mercy on me, O Lord, *thou* son of David; my daughter is grievously vexed with a devil. But He answered her not a word. And His disciples came and besought Him, saying, Send her away; for she crieth after us. But He answered and said, I am not sent but unto the lost sheep of the house of Israel. Then came she and worshiped Him, saying, Lord, help me. But He answered and said, It is not meet to take the children's bread, and to cast *it* to dogs. And she said, Truth, Lord: yet the dogs eat of the crumbs which fall from their masters' table. Then Jesus answered and said unto her, O woman, great *is* thy faith: be it unto thee even as thou wilt. And her daughter was made whole from that very hour.**

In the case of Jesus cleansing the ten lepers, to the one who came back to thank Him, **Jesus answering said, Were there not ten cleansed? but where *are* the nine? There are not found that returned to give glory to God, save this stranger. And He said unto him, Arise, go thy way: thy faith hath made thee whole. Luke 17:17-19.**

Then there is the wonderful account of the woman with the issue of blood who was determined to get to Jesus. We learn the lesson of her faith in the Book of Matthew.

And, behold, a woman, which was diseased with an issue of blood twelve years, came behind *Him,* and touched the hem of His garment: For she said within herself, If I may but touch His garment, I shall be whole. But Jesus turned Him about, and when He saw her, He said, Daughter, be of good comfort; thy faith hath made thee whole. And the woman was made whole from that hour. (Matt. 9:20-22).

Faith is determined, it is persistent, it is focused, it is unwavering, and it knows that Jesus is able to do exceeding abundantly above all that we ask or think, according to the power that worketh in us.

Such was the faith of blind Bartimaeus who believed that Jesus was the promised Son of David, the Messiah, and grabbed at his chance of a miracle when he heard He had come to Jericho where he lived. Although he could not see Jesus, Bartimaeus was determined to receive his sight, and persisted until he had

His attention! We read this wonderful account of his unwavering faith in **Mark 10:46-52 : And they came to Jericho: and as He went out of Jericho with His disciples and a great number of people, blind Bartimaeus, the son of Timaeus, sat by the highway side begging. And when he heard that it was Jesus of Nazareth, he began to cry out, and say, Jesus, *thou* son of David, have mercy on me. And many charged him that he should hold his peace: but he cried the more a great deal, *Thou* son of David, have mercy on me.**

And Jesus stood still, and commanded him to be called. And they called the blind man, saying unto him, Be of good comfort, rise; He calleth thee. And he, casting away his garment, rose, and came to Jesus. And Jesus answered and said unto him, What wilt thou that I should do unto thee? The blind man said unto Him, Lord, that I might receive my sight. And Jesus said unto him, Go thy way; thy faith hath made thee whole. And immediately he received his sight, and followed Jesus in the way.

Hebrews Chapter eleven is often referred to as the "faith" chapter in the Bible, and I encourage you to read the entire chapter. It is an account of the lives of past men and women of God who displayed unwavering faith in God in difficult and impossible situations. What examples they set for us, and what lessons we can learn from their examples. You will be blessed and inspired. One example is that of Abraham, the father of faith, and his wife Sarah, we read in Hebrews 11:8-19 the following: **By faith Abraham, when he was called to go out into a place which he should after receive for an inheritance, obeyed; and he went out, not knowing whither he went. By faith he sojourned in the land of promise, as *in* a strange country, dwelling in tabernacles with Isaac and Jacob, the heirs with him of the same promise: For he looked for a city which hath foundations, whose builder and maker *is* God. Through faith also Sarah herself received strength to conceive seed, and was delivered of a child when she was past age, because she judged Him faithful who had promised. Therefore sprang there even of one, and him as good as dead, *so many* as the stars of the sky in multitude, and as the sand which is by the sea shore innumerable. These all died in faith, not having received the promises, but having seen them afar off, and were persuaded of *them,* and embraced *them,* and confessed that they were strangers and pilgrims on the earth. For they that say such things declare plainly that they seek a country. And truly, if they had been mindful of that *country* from whence they came out, they might have had opportunity to have returned. But now they desire a better *country,* that is, a heavenly: wherefore God is not ashamed to be called their God: for he hath prepared for them a city. By faith Abraham, when he was tried, offered up Isaac: and he that had received the promises offered up his only begotten *son,* Of whom it was said, That in Isaac shall thy seed be called: Accounting that God *was* able to raise *him* up, even from the dead; from whence also he received him in a figure.**

In the book of James we see that Abraham did not just have faith and then do nothing about it, he acted upon what he believed; and James tells us that faith without acting upon it is dead faith! **But wilt thou know, O vain man, that faith without works is dead? Was not Abraham our father justified by works, when he had offered Isaac his son upon the altar? Seest thou how faith wrought with his works, and by works was faith made perfect? And the Scripture was fulfilled which saith, Abraham believed God, and it was imputed unto him for righteousness: and he was called the Friend of God. Ye see then how that by works a man is justified, and not by faith only.(James 2:21-24).**

Another example of faith in action, is found in verses 30-31 of Heb. 11, and concerns Rahab, a woman who put her life on the line because of her faith: **By faith the walls of Jericho fell down, after they were compassed about seven days. By faith the harlot Rahab perished not with them that believed not, when she had received the spies with peace.** And James confirms this in **James 2:25-26: Likewise also was not Rahab the harlot justified by works, when she had received the messengers, and had sent *them* out another way? For as the body without**

the spirit is dead, so faith without works is dead also.

Our faith should produce action proving its existence in our life while all the time having its eyes fixed on Jesus, Son of God, Lord of Lords and King of Kings. It should not only be **unwavering**, but also **consistent**, because we are well aware that Luke 1: 37 says**; For with God nothing shall be impossible!!!** And that Jesus says in Mark 9:23 **….If thou canst believe, all things *are* possible to him that believeth!!!!**

A wonderful example of a prayer of faith is when Elijah prayed believing that his God would stop it from raining! The Bible tells us that he was just as human as you and I are, and God assures us that He is not a respecter of persons, but Elijah **believed** when he prayed and God answered his prayer: **Elijah was a man subject to like passions as we are, and he prayed earnestly that it might not rain: and it rained not on the earth by the space of three years and six months. And he prayed again, and the heaven gave rain, and the earth brought forth her fruit.(James 5: 17-18).**

The Lord says in **James 1:6-8: But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.**

It is important however that we make sure of God's will in a given situation so that we are able to pray with certainty, knowing that He will answer our prayer according to His will. Let us consider for a moment the aspect of God's Will. The Lord discusses this in His Word in **1 John 5:14: Now this is the confidence that we have in Him, that if we ask anything ACCORDING TO HIS WILL, He hears us.** If we ask the Lord for something that is NOT HIS WILL, we will not receive it, and this will result in doubt and disappointment. For example you cannot ask God for another man's possessions, for this is **not** God's will, but you **can**, for example, ask God for healing, because He says: **"I am the Lord that healeth thee." Ex. 15:26**. That is why God says that we must ask according to His Will. We must find out from God's Word, we must get to know the Bible, because God's Word is His Will and when we know His Word, we will know His Will for every given situation!! As children of God, we may not pray that He will bless, guide or sanction a divorce for instance, because He instituted marriage and likens it to the Holy and precious union between Jesus and His Bride, the Church. When we know His will, then we can pray accordingly and with certainty, and our prayer will be one of faith. We may with confidence pray when we have a need, because Philip. 4:19 tells us: **And my God shall supply all your need according to His riches in glory by Christ Jesus,** when we pray for a need we then KNOW that He will provide in all our need, whatever it may be, because He has promised to do so, we can pray in faith! (Please note here that the Word says "our NEED not our GREEDS!")

When you have determined His will concerning a situation or circumstance, you can then pray the prayer of faith, which is simply to make your needs known to your Heavenly Father in the Name of Jesus, and at the same time believing that He not only hears your prayer, but begins to bring to pass the answer to that prayer. Jesus taught His disciples this most important truth regarding faith after they had seen that the fig tree that He had cursed had indeed died as He commanded it to!

So Jesus answered and said to them, Have faith in God. For assuredly, I say unto you, whoever says to this mountain, Be removed and be cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says. Mark 11:22-23. The following verse, verse 24 of Mark 11, is the key to receiving from God by faith, and it seems to be a real stumbling block to most believers, it is that Jesus expects us to believe WHEN we pray and BEFORE we see! Let us read His instructions: **Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them.* (Mark11:24)**

What does this mean in practise? How should we behave once we have asked our

Heavenly Father for something, and are waiting and believing for the manifestation to take place? It is actually very simple and I will explain by using an illustration. When a father tells his children that he is going to take them on a trip to Disney World for their next school holiday, they immediately react with great excitement and joy at the news. They jump up and down and throw their arms around their Dad thanking him most profusely! The next day they tell all their friends about it and plan exactly all they are going to do. Because they believe their father's word their actions show that belief! Their reaction is a demonstration of their trust in their father and his promise, his word. They have not even seen the tickets yet, but they believe him. THAT'S FAITH – but in the word of a person. Their father is a fallible man and yet they trust him. God gives us His Word and His wonderful promises and He is not a man that He should lie, the scripture tells us in Numbers 23:19. Therefore if we ask Him for something according to His Will, according to a promise He has already given us in His Word, we need to react AS IF WE KNOW THAT IT IS ON IT'S WAY – THAT IS IF YOU BELIEVE HIM!

Begin by thanking Him for His promise to you and praising Him for His goodness in making it possible for you to receive it, even though you have not yet SEEN IT! ***

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

UIT ONS SKATKIS

Ek staan op die vaste
Rots van geloof in Christus
Hierdie permanente hoop sal nie
Opbreek binne die beproewing
Ek is verseker Sy beloftes sal nooit faal
So lank as lewe bestaan is Hy getrou

God is geduldig
God is liefdevol
Hy is nie jaloers nie
Hy spog nie
Sy weë is hoër as my eie,
Sy gedagtes verslind die groot onbekende
Hiervan alleen is ek seker
My God is liefde

Ek haal asem onder Sy geskape wind geveegde hemel
Ek weet my hoop sal hou
Lank nadat my vlees weggaan
Van skemeraand tot dageraad roep Hy Sy kinders huis waarts
Syregverdige liefde oorleef geslagte

God is geduldig
God is liefdevol
Hy is nie jaloers nie
Hy spog nie
Sy weë is hoër as my eie,
Sy gedagtes verslind die groot onbekende
Hiervan alleen is ek seker
My God is liefde

Hy is die Almagtige God Elohim
Skepper van die aarde, Hy is die Here van die leërskare, Hemel se Koning
God van eindelose waarde, Sy koninkryk is bokant Elke mag
Elke lewende siel, Sy liefde is soos die son
Altyd waar, skitterend oor alles

God is geduldig
God is liefdevol
Hy is nie jaloers nie
Hy spog nie
Sy weë is hoër as my eie,
Sy gedagtes verslind die groot onbekende
Hiervan alleen is ek verseker
My God is liefde



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in die Here Jesus,

Hierdie maand, met die einde van die jaar se gejaag, die vakansies en feestelikhede in aantog, voel ons ‘n diepe behoefte om oor die belangrikheid van die huwelik en die familie te bid. God het die familie ingestel en verwys na Homself as ons Hemelse Vader. Wanneer ons Jesus as ons Verlosser en Here ontvang, word ons deel van die Familie van God en as Sy kinders is ons baie kosbaar vir Hom. Hy het ook die huwelik tussen man en vrou vergelyk met Jesus en Sy Bruid, die Liggaam van Christus, die Kerk, daarom is ‘n huwelik heilig in Sy oë. Satan weet dit en sal alles in sy vermoë doen om ‘n huwelik en ‘n familie op te breek, veral een wat die liefde van Jesus reflekteer en dus moet ons op ons hoede wees teen sy streke, en selfs meer nog hierdie tyd van die jaar. Daar is waarheid in die gesegde dat ‘n familie wat saam bid – saam bly. Ons bid vir huwelike, ons bid dat die Here pare vaster aan mekaar sal bind soos hulle in Sy Weë en in Sy Waarheid wandel. Ons bid ook vir familie eenheid, dat al die lede van ons kosbare families tot die kennis van Sy reddende genade sal kom en geseën word deur Sy beskerming en voorsiening in elke area van hul lewens. As jy ‘n Verlore seun of dogter het, bid ons en glo ons saam met jou dat God hom/haar sal terugbring om Hom met hulle hele hart en siel te dien. Onthou God is ‘n God van wonderwerke en niks is vir Hom onmoontlik nie! (Luk.:1:37) Jesus het belowe dat enigiets wat ons in Sy naam vra, Hy dit vir ons sal doen! Halleluja! (Joh. 14:13-14)

Ons het gebid vir almal wat hul jaareinde eksamens skryf. Ons weet dat die Here hul ywer en harde werk sal eer. Die eienskappe van volharding en lydsaamheid word regdeur die Bybel gevind en bring altyd sukses. Ons bid ook vir al die voorbereidings wat vir die Desember vakansie, soos dit nader kom, getref word. Vir beskerming op die paaie en vir stabiele en liefdevolle verhoudings, veral waar huwelike betrokke is gedurende hierdie tyd van baie aktiwiteite en die gevaar van wellus met al die einde van die jaar funksies. Die Here moedig Sy mense aan om hul “af te sonder” en ons lees in 2 Kor.6:17: Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem. Laat ons daarna strewe om lewens te leef wat vir Jesus verheerlik wat so 'n duur prys vir ons Verlossing betaal het, wat ons in staat gestel het om met ons Hemelse Vader versoen te raak. En onthou …. doen alles tot verheerliking van God. 1 Kor. 10:31.

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle, gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge. Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense vanaf die Stanger Christelike Sentrum te versprei.

Ons bid vir julle

Baie liefdegroete

Meg en die Gebedspan

KENNISGEWING

Ons het ‘n lys beskikbaar van boeke en Cd’s met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of ‘n bestelling wil plaas,kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kanfaks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om ‘n bestelling te plaas, bank inligting ens.
Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com
en ons faks nommer is: (032) 552 5411
Ons het ook ‘n
i n t e r n e t a d r e s e n d i t i s :
www.stangerchristiancentre.com,
u kan al onsboeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.
Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129